# J P Oberholzer: Professor in en hoof van die Departement Ou-Testamentiese Wetenskap (Afd A), 1971-1992

P M Venter
Universiteit van Pretoria

Abstract
J P Oberholzer: Professor and chair of the Department of Old Testament Studies (Sec A) 1971-1992

The work done by J P Oberholzer in the different fields of Old Testament science is investigated and discussed in this article. The trend found in his scholarly work, namely to operate within the ever-widening contexts of theology, church, and God's relationship with man in Jesus Christ, is shown. The underlying theological paradigm of Barth's dialectical theology is indicated as well.

Verantwoordelike teologie stel die eis dat oor die volle wydte van die teologiese ensiklopedie gearbei sal word met die beste beskikbare wetenskaplike apparaat, maar dat die pastorale bewoënheid daarby nooit sal ontbreek nie.

(Oberholzer 1990:653)

## 1. TEOLOGIE TEN DIENSTE VAN DIE KERK

Bogenoemde aanhaling som die wetenskaplike werk van prof J P Oberholzer in 'n neutedop op. Sy akademiese werksaamheid is vir hom 'teologie ten dienste van die lewe en werk van die kerk' (Oberholzer 1974b:129). Daar is vir hom 'n bepaalde noodwendigheid dat teologie in die kerklike praktyk tereg sal kom. Dit kan gesien

word in sy nadenke oor teologie as wetenskap. Hy meet die wetenskaplike gehalte van teologie aan die volgende definisie van wetenskap: '...kritiese, sistematiese, kontroleerbare ondersoek, verklaring en beskrywing van die kenbare en die denkbare' (Oberholzer 1989c:438). Die kenbare en denkbare in teologie is God. Die kenbaarheid hang egter saam met die openbaringsbegrip. God het Homself geopenbaar en maak Homself nog steeds bekend. Hierdie selfopenbaring van God in hede en verlede is die kenobjek van die teologie. Die teoloog het net een toegang tot hierdie objek en dit is die Bybel. Die teoloog se wetenskaplike gehalte word getoets aan die mate waarin hy 'die data in die Bybel as data van die selfbekendmaking van God' (Oberholzer 1989c:439) verklaar en beskryf. Die beskrywing van die Bybelse data in terme van God se openbaring mond op sigself weer uit in kontinuering van die openbaring. Vanaf die historiese gestalte van die teks dring die teologie deur tot 'n 'hermeneutiese imperatief' (Oberholzer 1989c:440) in die vorm van kerklike simbole en die sistematiese ontwerpe van die kerklike leer. In daardie sin is die teologie ''n bedryf van die kerk en die lid van die kerk' (Oberholzer 1989c:439). Dit is arbeid vanuit die Skrif, 'kritiese, sistematiese, kontroleerbare ondersoek, verklaring en beskrywing...' (Oberholzer 1989c:440). In sy kontroleerbaarheid kan hy aanspraak maak op geldigheid vir sy uitsprake oor wie die mens is en wat hy moet doen. Dit is juis die kontroleerbare en wetenskaplike teologie wat die mens in beslag kan neem en aan hom koers kan gee. Die bruikbaarheid van die teologie 'bestaan daar waar hy die mense van die kerk bly dien' (Oberholzer 1989c:440). Daar moet steeds 'n verantwoordelike teologie wees, een 'wat voortkom uit noeste vlyt oor die volle wydte van die ensiklopedie en diepe pastorale bewoënheid oor die mens' (Oberholzer 1989c:441).

Hierdie konsentriese uitbouing van teologie na kerklike praktyk word inhoudelik en metodies in meer besonderhede uitgewerk wanneer Oberholzer 'n aspek van albei neem, naamlik 'wetenskaplike eksegese' en 'kerklike prediking' en die verband tussen die twee uitwerk. 'Teologie ten dienste van die kerk' impliseer 'n baie nou verbintenis tussen teologiese arbeid en kerklike prediking. Omdat dit in die kerk oor die openbaring van God gaan, is die kerklike prediking ook van openbarende aard en bepaal dit dienooreenkomstig die aard van die teologiese arbeid wat daarin geakkommodeer sal word. Openbaring word hier verstaan volgens die openbaringsmodel van Barth en die dialektiese teologie. Daarvolgens gesien bevat die Heilige Skrif die getuienis van die Woord van God. Eers in die hantering van die Skrif word dit deur God self tot sy openbarende Woord gemaak. Op dieselfde wyse moet die gepredikte Woord ook eers Woord van God word. Van daaruit is sy definisie van die prediking te verstaan: 'Prediking is die verkondiging van die Woord van God volgens die Heilige Skrif' (Oberholzer 1974b:130). Van openbaring moet via die

Skrifgetuienis van daardie openbaring soos uitgelê in die prediking, tot voortgaande openbaring gekom word. Metodologies moet daar by eksegese van die Skrif begin word: Eksegese is 'dié arbeid waardeur die teks ondersoek word binne sy konteks om vas te stel wat die betrokke teks wou sê in die tyd en omstandighede van sy ontstaan en in sy nageskiedenis binne die Skrif' (Oberholzer 1974b:130). Hiervoor word vereis die enigste 'toelaatbare metode' van wat Oberholzer noem die 'grammaties-historiese metode' (sic!) (Oberholzer 1974b:130). Bedoelende die histories-kritiese metode sluit dit vir hom verskillende subdissiplines in, soos die tekskritiek, literêre kritiek, oorleweringshistoriese ondersoek, redaksiegeskiedenis, vormkritiek en tradisiegeskiedenis. Die resultate van hierdie ondersoek word dan bymekaargebring en verwerk 'met behulp van geografiese en historiese verklaring, deurvorsing van die aard en funksie van realia, inagneming van die inhoud en geskiedenis van begrippe en die godsdienshistoriese oorsprong en ontwikkeling van voorstellings' (Oberholzer 1974b:133). So word vasgestel 'wat daar staan en in watter situasie dit staan' (Oberholzer 1974b:133). Prediking wat aan openbaring diensbaar moet wees, vereis egter meer as net die formele uitleg van 'n teks. Dit moet van meet af aan 'teologiese eksegese' van die Heilige Skrif wees. Die eksegeet moet 'hom na die beste van sy vermoë beskikbaar...stel vir beïnvloeding deur die vorm en inhoud van die geskrewe teks binne sy volle konteks' (Oberholzer 1974b:135). Met 'volle konteks' word bedoel dat 'n Bybelse uitspraak binne steeds groter konsentriese sirkels gelees moet word tot by die Skrif as geheel. Die teks moet binne die situasie van die hele Skrif gesien word. Soos wat 'n teks 'n voorgeskiedenis kan hê, het dit ook 'n nageskiedenis van oorlewering en aanwending. Die nageskiedenis van 'n teks in die Ou Testament moet gevolg word tot by die Nuwe Testament.

Hoe 'n teks uit die Ou Testament eventueel in die prediking moet uitkom by die Nuwe Testament, het Oberholzer by twee verskillende openingsredes van die Fakulteit Teologie aangedui. Die eerste geleentheid was toe hy as voorsitter van die Kuratorium en op daardie stadium predikant van die Hervormde gemeente Rustenburg, die openingsrede van 1963 gelewer het. In sy hermeneutiese verkenning van die verband tussen 'Christusverkondiging en die Ou Testament' toon hy aan dat daar in preke uit die Ou Testament nie met 'die koherensie van die Bybelse uitsprake' (Oberholzer 1963:1) rekening gehou word nie. Dit is korrek om die Bybel histories-krities te benader en 'die volle veld van die Ou Testamentiese wetenskap tesame met die hulpwetenskappe [te] deurwaad...' (Oberholzer 1963:3). Dit op sigself kom egter nog nie by die wesenlike koherensie van die Skrif uit nie. Daar moet verder gevra word 'wat al hierdie besonderhede eintlik met die middelpunt van die Skrif, Christus, te doen het' (Oberholzer 1963:2). Omdat 'Christus middelpunt van die hele Skrif is' (Oberholzer 1963:2) en Hy 'in die speerpunt van die Ou Testa-

mentiese Godsgetuienis' (Oberholzer 1963:7) staan, moet die koherensie van die Skrif in die Persoon van Jesus Christus gevind word. Omdat Jesus Christus op 'n bepaalde tyd in die geskiedenis gekom het, hang hierdie koherensie van die Skrif ten nouste saam met die geskiedenis. Die Skrif is Godsgetuienis wat die historiese bewussyn van die Godsvolk reflekteer, naamlik dat 'Jahwe 'n lewende God is wat in die gang van sy skepping ingryp en wie se handeling in die geskiedenis ervaar word' (Oberholzer 1963:3-4). Saam met Von Rad sien Oberholzer die Ou Testament as 'n geskiedenisboek. Dit stel 'n geskiedenis daar wat God deur sy Woord bewerk het, vanaf die skepping van die wêreld tot by die koms van die Seun van die mens. Van hierdie geskiedenis getuig Ou en Nuwe Testament en in hierdie geskiedenis lê hulle samehang met mekaar. Die aard van hierdie samehang kan met verskillende begrippe omskryf word: belofte en vervulling, geestelike ontwikkeling, Calvyn se twee bedelinge, of Luther se Wet-Evangelie. Volgens watter skema die samehang tussen Ou en Nuwe Testament ook al georden word, bly die essensie egter dat Christus verkondig moet word.

In die openingsrede van 1 Februarie 1990 het dit gegaan oor Ou-Testamentiese antesendente van die Christelike en kerklike prediking. Hoewel prediking essensieel 'n Nuwe-Testamentiese saak is wat Jesus Christus tot inhoud het, kan wel iets van die saak van prediking as 'n 'woordgebeure waarin mense aan ander mense iets oor God en sy werk kommunikeer' (Oberholzer 1990:650) in die Ou Testament teruggevind word. Tussen hierdie antesedente van die Ou-Testamentiese God-kommunikasie en die Nuwe-Testamentiese Christus-prediking is daar 'n noue samehang. Sonder die Ou Testament en sy gegewens kan nie begryp word wie die Jesus is wat verkondig moet word nie. Eers teen die volle agtergrond van die geskiedenis van God met die mense van die begin af kan die prediking van Christus sinvol wees. Waar Jesus Christus met die weg van God met die mens van die begin af vereenselwig word, kan hierdie getuienis verstaan en interpreteer word in die prediking. Die geheel moet egter vanuit die Persoon van Christus verstaan word: 'Die talle wyses waarop in die Nuwe Testament aangedui word dat die Ou Testament as getuienis op Christus heen gelees moet word, kan nie deur die kerk genegeer word nie' (Oberholzer 1990:653). Terwyl die Ou-Testamentiese geskrifte deur navorsing teen hulle eie tyd en agtergrond gesien moet word, durf hulle doel as 'kommunikatiewe handeling wat die Godsvolk gekonfronteer het met die teenwoordigheid en wil van God...' (Oberholzer 1990:654) nie uit die oog verloor word nie. Dit moet in die prediking as getuienis op Christus heen so gepreek word dat dit die doel van die prediking, die 'redding van die hoorders, bekering tot God en versoening met Hom...' (Oberholzer 1990:653), bereik.

Die *Leitmotiv* in al hierdie uitsprake is die reddende openbaring van God. Dit funksioneer as teologiese grondmetafoor in sy nadenke. Wat Oberholzer onder 'openbaring' verstaan kan ook in sy klasdiktate van 1971 vir BD 3-studente oor die kanongeskiedenis, gesien word (Oberholzer 1971e). Saam met Fohrer beskou hy die term 'kanon' as aanduiding van die Bybel 'as 'n boek wat berus op die openbaring van God en wat die reël en norm vir ons geloof en lewe bied' (Oberholzer 1971d). Die Ou Testament is getuienis van die openbaring van God. God se openbaring bestaan in sy handelinge en sy kommunikasie met die mens. Omdat 'handeling' 'n kommunikatiewe element het en 'kommunikasie' ook tegelyk 'n handeling is, is die openbaring 'n eenheid wat baie keer en op baie maniere gebeur. In hierdie selfopenbaring van God skep Hy 'n verhouding met die mens. Saam met Vriezen word die wesenlike element van die openbaring dus as die gemeenskap van God en mens gesien. Hierdie gemeenskap van God en mens vind gestalte in 'n veelvuldigheid van vorme wat 'n groot beweeglikheid in die gemeenskapsverhouding tussen God en mens daarstel. Dit kom na vore by die verskillende boeke van die Bybel. Vir Oberholzer gaan dit dus wesenlik om die verhouding tussen God en mens. Die unieke aard van hierdie verhouding as dit wat God inisieer en kontinueer, word met die begrip 'openbaring' aangedui. Hierdie proses het oor die eeue heen 'n bepaalde geskiedenis deurloop. In die Skrif word hierdie geskiedenis gemanifesteer en normatief aangebied as rigsnoer (kanon) vir die voortgang van die openbaringsproses. Bestudering van die Skrif staan ten dienste van God se voortgang van hierdie geskiedenis met die mens.

## 2. 'N KONSENTRIESE WERKWYSE

Aan die basis van Oberholzer se denke staan God se openbaring. Binne die raamwerk van die historiese gang van hierdie voortgaande verhouding tussen God en mens, die voortgaande geskiedenis van God se openbaring, staan teologie en kerkwees in onlosmaaklike verband. Teologie wat uitmond in kerkwees omvat 'n hele ensiklopedie van teologiese vakke. Vir Oberholzer skakel sy vakgebied, die Ou-Testamentiese Wetenskap, eerstens met die vakgebied van die Nuwe Testament en van daar met die res van die teologie. Die Ou-Testamentiese vakgebied omvat 'n verskeidenheid historiese dissiplines wat as hulpdissiplines in die histories-kritiese eksegese uitmond, wat weer uitkring na die teologie van die Ou Testament. Oberholzer sien hierdie opset as uitkringende konsentriese sirkels. Die basiese linguisties-historiese hulpdissiplines moet in eksegese uitmond, eksegese weer in Ou-Testamentiese teologie, en deur Nuwe Testament en die res van die ensiklopedie moet dit uitloop op kerklik diensbare teologie wat opgaan in die voortgaande openbaring.

Wanneer die omvang en inhoud van Oberholzer se werk vervolgens onder hierdie rubrieke saamgevat word, kom die uitkringende tendens duidelik na vore.

## 3. BYDRAES TOT VERSKILLENDE VAKDISSIPLINES

Die histories-kritiese wetenskap funksioneer in die teologie as 'n hulpwetenskap, of in terme van die model van konsentriese sirkels waarmee hier gewerk word, die kleinste binnesirkel. Binne die verskillende dissiplines hiervan het Oberholzer belangrike bydraes gelewer.

Sy bydrae op die gebied van die *agtergrondgeskiedenis* van die Bybel skakel met sy deelname aan die vestiging van die vak Bybelkunde aan die Universiteit van Pretoria in 1958 en die lesings wat hy daarin gelewer het vanaf 1968 tot 1972. Dit het verskyn onder die opskrif 'Bybelse Oudheidkunde' in 'n handboek vir Godsdiensonderrig en Bybelkunde wat in 1965 gepubliseer is. Dit het verskillende oplae beleef en was vir 'n hele aantal jare voorgeskryf vir Bybelkundestudente aan verskillende kolleges en universiteite (Oberholzer 1976a). In die Kategete Diplomakursus van 1971 het hy 'n bydrae gelewer oor die aardrykskunde van Palestina (Oberholzer 1971a). 'n Voorbeeld van die tendens in sy werk om vakwetenskaplike data in 'n breër konteks uit te werk, word gevind in Oberholzer se toespraak by die gradeplegtigheid vir die Fakulteite Teologie en Regte in 1985. Hy dui aan dat die instelling van die universiteit 'n geestelike erfenis is wat sover teruggaan as 'die skrywerskole van die Ou Nabye Ooste wat by paleise en tempels die oorgelewerde en ontwikkelende kundigheid telkens aan 'n volgende geslag deurgegee het, sodat die lewensorde bewaar en uitgebou kon word' (Oberholzer 1986a:112). Aan die hand van buite-Bybelse en Bybelse literatuur, veral wysheidsliteratuur, dui hy dan aan hoe hierdie kundigheid en kennis wat oorgelewer word steeds bedoel is om orde in die gemeenskap te bring en God te dien.

Op die gebied van die *tekskritiek* het Oberholzer verskillende studies onderneem. Die opvallende kenmerk van sy werk op hierdie terrein is die veelvuldige gebruik van die Septuaginta en die benutting van die tekskritiese navorsing in die vertaling van die Bybel. In sy ondersoek van Miga 1:10-16 gaan dit juis daarom om met behulp van tekskritiek by 'n suksesvolle vertaling uit te kom. Hy neem die ouderdom van die teks in ag sowel as die stylvorm daarvan. Hy vergelyk die Masoretiese Teks van Miga met die vertaling wat in die Septuaginta voorkom en kom tot die gevolgtrekking: 'LXX se Hebreeuse Vorlage was identies met BH...' (Oberholzer 1972:83). Met inagneming van die Septuagintavertaler se onvermoë om die plekname korrek te identifiseer, kom hy tot 'n vertaling van die Hebreeuse en Griekse teks van Miga 1:10-16.

'n Ander tekskritiese ondersoek het ook weerklank gevind in die vertaling van die Nuwe Afrikaanse Bybel. Dit was sy ondersoek na die inleidingswoorde van die Boek van die Verbond in Eksodus 20:22 en 23 (Oberhoizer 1984d). Hy gee noukeurig aandag aan die uitdrukkings wat gebruik is. Hy vergelyk dit met die wyse waarop dit in ander dele van die wetsliteratuur gebruik is en kom onder andere tot die voorstel van teksemendasie in vers 23.

In 'n studie oor die *majesteitsepitheton* 'God van die Hemel' maak Oberholzer gebruik van noukeurige vergelyking tussen die Masoretiese Teks en verskillende Septuagintamanuskripte. Hy neem parallelle benamings vir God in ag sowel as die verskillende situasies waarin die benaming vir God gebruik is. Hy merk daaruit op dat die benaming vir 'n tydperk van minstens vyf honderd jaar in onbruik was en na 'n paar eeue van betreklike spaarsame gebruik weer in onbruik geraak het. Dit beskou hy as 'n godsdienshistoriese ontwikkeling wat saamhang met 'die volkome geestelike oorwinning van Israel oor die afgodery tydens die ballingskap soos ons dit uitgedruk vind by Deuterojesaja' (Oberholzer 1978a:39). Teen die agtergrond van die Persiese oorheersing moet die gebruik van hierdie uitdrukking verstaan word as 'n polemiese uitdrukking van die eksklusiwiteit van God deur ''n vreeslose en gedetermineerde Israel [wat] uit die ballingskap gekom...' (Oberholzer 1978a:39) het.

'n Soortgelyke ondersoek kom voor in sy verduideliking hoekom die eienaam van God met 'die Here' in die 1983-vertaling weergegee is. Die teksgetuienis van die voor-Masoretiese manuskripte, die Christelik-geredigeerde vertaling van die Septuaginta soos dit in die drie groot kodekse voorkom, die vertaling in die Luther-Bybel, die aanhalings uit die Bybel in die vroegste uitgawes van die Heidelbergse Kategismus en die vertaling in die Statebybel word ondersoek vir die vertaling van die Godsname. Die 1983-vertaling 'se weergawe van die Godsnaam impliseer dat eerbied vir die Naam en Wese van God oor die volle spektrum van Ou- en Nuwe-Testamentiese Godsname strek. Op eie wyse is dit 'n uitleg van die derde gebod wat die toets van die teologie kan deurstaan' (Oberholzer 1988a:103).

'n Resente ontwikkeling in die navorsing van Oberholzer is sy navorsing op die teks van die Heidelbergse Kategismus. Hoewel nie direk relevant tot die vakgebied van die Ou-Testamentiese wetenskap nie, sluit hierdie werk baie nou aan by die bogenoemde werk op die gebied van die tekskritiek. Binne die omraming van die verband tussen teologie en kerk, rol van die belydenisskrifte en vertaling, bestudeer hy die oudste uitgawes van die Heidelbergse Kategismus. Op kenmerkende wyse en met bykans Masoretiese noukeurigheid kyk hy tekskrities na alle beskikbare uitgawes van die Kategismus en kom deur detailanalise by 'n rekonstruksie van die teks uit. Uit hierdie navorsing het sedert 1986 verskillende publikasies verskyn.

Vir die dissipline van die *filologiese navorsing* het Oberholzer besonder baie belangstelling. Hy het homself bewys as een van die voorste navorsers op hierdie terrein. Na dekades van akademiese werksaamheid verwys hy na hierdie veld as 'die beproefde metode van woordondersoek' (Oberholzer 1990:650). Sy bedrewenheid in hierdie dissipline het veral op die gebied van die Bybelvertaling aan die lig gekom. Prof E P Groenewald maak hiervan melding wanneer hy beskryf hoe hy Oberholzer as lid van die eindredaksie van die 1983- Bybelvertalingskommissie ervaar het: 'Hy het hom laat ken as 'n uitnemend geskoolde Ou-Testamentikus wat met gemak die Hebreeuse of Aramese grondteks, die konkordansie op die grondteks en die kommentare kon hanteer...met kundigheid en onderskeidingsvermoë toeligtende parallelle uit die Ou Testament byhaal en met logiese beredenering sy standpunt glashelder stel' (Groenewald 1984:6). Sy bedrewenheid in filologiese ondersoek het reeds in sy MA-verhandeling van 1957 duidelik geword. Hy toon die verskillende konnotasies aan waarin die semitiese stam BRK gebruik word in Bybelse, Joodse en Oud-Oosterse literatuur. Hy soek nie na 'n etimologiese grondbetekenis van die stam BRK nie, maar 'n 'moederbetekenis' (Oberholzer 1957:53), die teoreties grootste gemene deler van die verskillende gebruike van die woordstam. Die woordstam word veral in die betekenisse van 'knie' en 'voortplanting' gebruik. In die Ou Testament is dit 'n sentrale teologiese begrip 'wat baie nou in verband staan met die skepping van die mens as beeld van God, met die uitverkiesing en met die verbond' (Oberholzer 1957:57).

Hierdie slotwoord is in 1959 verder uitgewerk in 'n filologiese studie oor die 'skepping van die mens as beeld van God'. Die studie gaan die teksverband van hierdie uitdrukking in drie Genesisperikope na. Die gevolgtrekking is dat die verwerkliking van die vermoëns van die mens as beeld van God telkens op die verhouding tussen God en mens berus. Die resultaat van die navorsing word dan na die terrein van die groter konsentriese sirkels uitgebrei. Die teologie van die Ou Testament, die verband met die Nuwe Testament, asook die saak van die openbaring en van die verhouding tussen God en mens word ter sprake gebring. Die gedagte van die mens as beeld van God word nie as blote losstaande element van die priesterlike teologie gesien nie, maar as die 'agtergrondskern...van die Ou Testamentiese antropologie' (Oberholzer 1959a:100). Die mens is die voorwerp van God se selfopenbaring wat 'in gehoorsaamheid of ongehoorsamheid deur die vrymagtige goddelike keuse tussen verkiesing en verwerping sy plek in die heilsplan toegewys word' (Oberholzer 1959a:100). In die verskyning van Christus vind die herskepping plaas en so ook die 'verwerkliking van die skeppingsgesteldheid van die mens' (Oberholzer 1959a:101).

'n Verdere artikel waarin filologiese ondersoek uitloop op teologiese toepassing, verskyn in 1971 oor die antropologie van die Psalms (Oberholzer 1971f). Deur filologiese ondersoek van die woorde אָדָם, בֶּן־אָדָם en אֱנשׁ in die verskillende gedeeltes van die Psalms word 'n onderliggende gedagtepatroon blootgelê wat nie volledig in net een gedeelte na vore kom nie. Die wesenlike van die mens word bepaal deur sy verhouding tot God die Skepper, die Regter en Heerser oor alle mense. Soos in die wysheidsliteratuur tussen dwaas en wys onderskei word, onderskei die Psalms tussen die mens wat in die regte verhouding met God staan en dié wat in die verkeerde verhouding met Hom staan. Hierdie posisie is bepalend vir die menslike lewe.

Twee ander filologiese ondersoek kan ook genoem word. As een van die stigterslede van die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika lewer hy op die kongres van 1960 'n voordrag oor die אִכָּרִים in 1 Samuel. Sy filologiese studie dui aan dat hierdie benaming gebruik is vir persone wat nie in die land gevestig was nie en vrywillig diens as huurlinge verrig het. 'n Vergelykbare filologiese studie is dié van 1970 oor die betekenisomvang van כָּבֵר binne die grammatiese konstruksies in die wysheidsboeke Spreuke, Job en Prediker. Daar neem dit die gestalte aan van wysheidsleer, die oud-oosterse voorloper van die latere wetenskapsbeoefening. As aanduiding van die gesagaanspraak van die wysheid, wat geloof en etiek met mekaar verbind, oefen dit invloed uit op die latere uitsprake van Jesus en Paulus.

'n Bepaalde tipe filologiese ondersoek wat Oberholzer reeds in 1959 gedoen het en wat later in sy deelname aan die Bybelvertaling 'n belangrike rol sou speel, is sy bestudering van geografiese terme en hulle vertaling in die Rigtersboek. Die studie is daarop gemik om verskillende geografiese terme weer te gee met woorde wat beskrywend is van die formasie of streek wat deur die terme aangedui word. Probleme wat met die vertaling daarvan voorkom, word uitgewys en ook tekortkomings in dié verband in die 1933-vertaling. Oberholzer maak hier 'n aantal opmerkings wat vir die latere Bybelvertaling van rigtinggewende belang sou wees. Hy lê klem op die onmoontlikheid om een Hebreeuse woord konstant met een Afrikaanse woord weer te gee, veral in die lig van die verskil in toepassing van geografiese terme tussen die Palestynse landskap en die Suid-Afrikaanse toneel. Hy beklemtoon die noodsaaklikheid van koördinering van die verskillende boeke in Bybelvertaling om so alle inkonsekwenthede uit te skakel. Derdens moet die vertaler nie net Hebreeus ken nie, maar ook die taal waarin hy vertaal en die landskap waarin sy vertaling van diens moet wees – 'n gebied waarop Groenewald opmerk die vertalers later die voordeel kon hê van Oberholzer 'se helder insig, sy vaardigheid in die gebruik van Afrikaans en sy aanvoeling vir die regte woordkeuse en woordorde' (Groenewald 1984:6). Vierdens onderstreep hy die onskatbare waarde van foto-pu-

blikasies om die Palestynse geomorfologie beter te leer ken – iets waarop hy besonder klem lê en vir sy studente as onmisbare gereedskapstuk uitwys in die hantering van die teks van die Ou Testament. In die latere Bybelvertaling sou hy verantwoordelik wees vir 'n lys van Ou-Testamentiese persoons- en plekname met die aanbevole skryfwyse van die name. Oor hierdie 'besondere probleemveld in Bybelvertaling' (Oberholzer 1984c:25) het hy uitgewys dat daar 'n transkripsietradisie sedert die Septuaginta ontstaan het wat daartoe lei dat daar by alle moderne vertalings 'n bepaalde aantal eiename weergegee word wat nie in ooreenstemming is met die uitspraak in die oorspronklike taal nie.

Ook op 'n ander terrein het Oberholzer se filologiese ondersoek met vertaling geskakel. In sy voordrag voor die Predikantevergadering van 5 September 1961 gee hy aandag aan die Ou-Testamentiese getuienis aangaande die neerdaal van Christus na die hel. Hy dui sinonieme begrippe aan wat in die Nuwe Testament gebruik word en via die Septuaginta gelykluidende sinoniemterme in die Ou Testament vir die onderaardse ruimte. Ten spyte van 'n mate van begripsontwikkeling is dit egter vir hom duidelik dat 'die nutestamentiese hadês-begrip wel sy wortels in die outestamentiese se'ôl-begrip het' (Oberholzer 1961:87).

In die Ou Testament word die doderyk nie net aan die dood verbind nie, maar ook aan die sonde van die mens. Mettertyd beweeg die Ou-Testamentiese godsvoorstelling daartoe om ook die mag van God te sien in die lig van sy vermoë om 'n opstanding uit daardie doderyk te laat plaasvind. Wanneer die Nuwe Testament van die sterwe, neerdaal na die doderyk en opstanding uit die dode van Christus praat, sluit dit by die gedagtes van die Ou Testament aan. In die lig daarvan moet die geloofsartikel vertaal word met 'neergedaal na die doderyk' (Oberholzer 1961: 91).

'n Dissipline wat Oberholzer met vaardigheid en vindingrykheid beoefen, is dié van die *Formgeschichte*. Op hierdie terrein het hy innoverend gewerk en twee stylvorms geïdentifiseer wat tot nog toe nie raakgesien is nie: Die eerste is die stylvorm van die gesagsaanspraak. In 'n voordrag voor die Ou-Testamentiese Werkgemeenskap in 1967 wys hy aan die hand van verskillende gedeeltes die formele kenmerke van hierdie stylvorm uit. Die patroon wat gevolg word, is dié van 'n inleidende oproep om aandag te skenk, gevolg deur 'n verklaring van God-verleende gesag en afgesluit met 'n verklaring van gesagfunksie, altyd in die eerste persoon. Die *Gattung* kom voor in 'n lewensituasie waar die verklaarder se gesag in twyfel getrek word of selfs verwerp word. Die tweede *Gattung* wat hy uitwys is dié van die epifanie. Saam met Westermann tref hy terminologies onderskeid tussen teofanie en epifanie. Hy gaan egter verder en beskryf die formele kenmerke van die epifanie. Soos die teofanie bevat dit die tipiese elemente van die vermelding van die koms van God en van

die beskrywing van die kosmiese beroerings wat hierdie koms van God begelei. Waar die teofanie egter as derde element die vermelding van 'n woordopenbaring bevat, bevat die epifanie 'n beskrywing van die handelende ingryping van God in die geskiedenis. Die epifanie word daarom beskryf as 'die teofanie met die oog op die Godsdaad in die geskiedenis' (Oberholzer 1974a:62). Die lewensituasie waarin dit gebruik word is enige geleentheid waarop daar 'n loflied geuiter word oor die ontoeganklike God se kosmiese betrokkenheid in die loop van die geskiedenis. Teologies het die poëtiese en mitologies-klinkende stylvorm van die epifanie die kerugmatiese funksie van 'n 'stuk openbaringsgetuienis...' (Oberholzer 1974a:70).

Sy bedrewenheid in die hantering van stylvorms in die Ou Testament blyk veral duidelik in die verklaring van die boek Esegiël, wat in die Verklarende Bybel van 1989 verskyn het. Geen uitspraak verskyn in hierdie Bybelboek sonder 'n inleidende formule nie, sodat dit veral vormanalise is wat hier vereis word. Aan die hand van hierdie en ander stylvorms, soos die afsluitingsformule, verklaar Oberholzer die boek teen sy historiese agtergrond. Esegiël beklee die dubbele amp van priester en profeet en sy werk sluit veral nou aan by die inhoud van die boek Levitikus. Esegiël het 'die tema van verdiende straf en onverdiende genade voluit ontplooi tot op die hoogtepunt van 'n heilstoekoms van oorweldigende omvang' (Oberholzer 1989a: 894).

In sy studie oor 'Die kneg van Jahwe in Deutero-Jesaja' (1964), asook in sy doktorale tesis van 1966, brei hy *Gattungsnavorsing* uit na die vlak van die teologie. Hy beskou dit as van wesenlike belang om ook die konteks van die knegliedere, 'die getuienis van die Ou Testament as geheel' (Oberholzer 1966:2) te verdiskonteer in die navorsing na die inhoud en betekenis van die knegfiguur in Jesaja 40-55. Die knegfiguur moet verstaan word uit die religieuse gebruik van die woord 'èbèd in die Ou Testament...' (Oberholzer 1966:1). Metodologies begin dit by 'n ondersoek na die nie-religieuse aanwending van die woord עֶבֶד en verwante terminologie wat gebruik word in die Ou Testament om die bemiddelende figuur van die kneg aan te toon. Literêr-krities word die ouderdom van die grammatiese konstruksie waarin die begrip of aanverwante begrippe gebruik is, sowel as die vormhistoriese aspek daarvan in berekening gebring. Teologies word die funksie van die kneg beklemtoon as bemiddelingsfiguur tussen Jahwe en sy volk en mettergaan ook tussen Jahwe en die nasies. In Deuterojesaja verskerp die kneg se funksie eskatologies na die vervulling van sy funksie in die toekoms wanneer hy in die middelpunt sal staan van 'die finale herstel van die verhouding tussen Jahwe en sy volk en met die nasies se kennis en diens van Jahwe' (Oberholzer 1966:271).

Vormkritiek en *tradisiekritiek* skakel met mekaar in die eerste aflewering van sy ondersoek na die opskrifte van die profeteboeke (Oberholzer 1978b). Hy onder-

soek hierin die vorm waarin woorde en woordverbindings gebruik word in die kernopskrifte van die profeteboeke, die formulering van die openbaringsontvangs daarin, asook die dateringsformules. 'n Belangrike gevolgtrekking van hierdie ondersoek is dat daar 'n 'duidelike vormverskil bestaan tussen die opskrifte van voor-eksiliese profeteboeke en eksiliese en na-eksiliese boeke...' (Oberholzer 1978b:72). Om sy bevinding te onderbou, gaan hy ook die ander vormelemente in die profeteboeke na en gee ook kenmerkend aandag aan ander Ou-Nabye Oosterse literatuur. 'n Verdere gevolgtrekking van die ondersoek is dat die opskrifte nie van die profete self afkomstig was nie maar deur tradente oorgelewer is. Tydens die redaksiegeskiedenis van die profeteboeke is hierdie opskrifte bygewerk. Dit moet in die verbygaan opgemerk word dat Oberholzer se onvermoeide ywer om die kleinste stukkies detail onder die vergrootglas te plaas en dit noukeurig met mekaar te vergelyk, ook uit hierdie artikel blyk. Wat daarmee skakel en ook hier na vore kom, is die indringende belangstelling in statistiese gegewens. Veral laasgenoemde belangstelling het oor die jare geblyk uit sy talle projeksies rondom die groei van byvoorbeeld die lidmaattalle van die Kerk of die groei in studentegetalle (vgl Oberholzer 1986b).

Hierdie ondersoek word voltooi met 'n tweede artikel in 1985. Hy spits hom hier toe op die opskrif van die Jeremiaboek. Hy tree in diskussie met Van Selms se teorie oor die teksgeskiedenis van die boek se opskrif. Uit 'n vergelyking van die teks van die Septuaginta en die Masoretiese Teks kom Oberholzer weer eens by dieselfde gevolgtrekking as dié van 1972, naamlik dat die opskrifte van latere datum is en in die geval van Jeremia net soos Amos kenmerke dra van die tyd van die Deuteronomistiese skool. Dat die profeet se woorde eers later van tyd as egte-Jahwe woorde aanvaar is, het vir hom belangrike implikasies vir die dissipline van die kanongeskiedenis, omdat dit 'aanwysers vir die voorgeskiedenis van die kanon' is (Oberholzer 1985:158).

Veral sy hantering van die Psalmboek reflekteer die tendens by Oberholzer om na die groter konsentriese sirkels van die teologie deur te werk. In sy klasaantekeninge oor die eksegese van die Psalms (Oberholzer 1971d) bestudeer hy die Psalms volgens die *Gattung* daarvan, bespreek hy die *Sitz im Leben* volledig, gee aandag aan die verskillende dele van die Psalm asook die verskillende woorde en uitdrukkings wat gebruik word, toon aan waar dieselfde uitdrukkings elders in die Ou Testament of in die Nuwe Testament voorkom, omskryf die betekenis van die Psalm, gee aandag aan die tyd waarin die Psalm geskep is, aan sy nageskiedenis en dan aan sy teologiese betekenis. Onder die hoof 'prediking' word twee opdragte gegee:

1. Bepaal die situasie (verhouding tussen God en mens).
2. Trek die verhouding deur na die Nuwe Testament toe.

'n Voorbeeld van hierdie werkwyse word gevind in sy studie van Psalm 106. Dié Psalm word as "n loflied met skuldbelydenis en 'n gebed om bevryding uit die ballingskap' (Oberholzer 1988b:381) getipeer. Bepaalde styl- en inhoudskenmerke word aangedui en die teologiese struktuur van die Psalm word uitgewys as 'n teologiese interpretasie van historiese gebeure, "n geskiedenisstruktuur wat die kontras beklemtoon tussen die liefde, redding en bevryding van die kant van Jahwe enersyds, en die sonde, verset en uittarting van die kant van Israel andersyds' (Oberholzer 1988b:385). Hierdie 'psalm se getuienis oor God en sy handelinge...omvat 'n groot deel van wat beskryf sou kon word as die teologie van die Ou Testament' (Oberholzer 1988b:380). Dit is 'n verteenwoordigende samevatting van wat elders in die Ou Testament voorkom, meer nog, dit is in die trekke van redding wat deur straf heen plaasvind en genade wat ontvang word ten spyte van sondeskuld ook teenwoordig in die 'teologiese struktuur wat ons in die Nuwe Testament aantref rondom die versoenende sterwe en opstanding van Christus' (Oberholzer 1988b: 387). Die Psalm staan in die 'hoofstroom van die Christelike teologie' (Oberholzer 1988b:387) en dien as teologiese korrektief vir sowel 'n selfverheffende Dawid-Sions-ideologies gebaseerde teologie as 'n bevrydingsteologie wat op die Eksodus-ideologie in die Ou Testament gebaseer is.

Met hierdie formulering van die teologie van Psalm 106 word weer geraak aan die teologiese grondparadigma waarmee Oberholzer werk. Die geskiedenis van die verhouding tussen God en sy volk is vir hom nie net die teologiese patroon van die Ou Testament nie, maar ook van die Nuwe Testament waar dit in Christus verbesonder word. Die *teologie van die Ou Testament* is dan ook by uitnemendheid die dissipline waarin Oberholzer sy strewe uitleef om in konsentriese sirkels deur te werk na die Nuwe Testament en eventueel die teologie. 'n Diakroniese snit deur sy werk op hierdie terrein dui 'n konstante gebruik maar ook groeiende raffinering aan van die teologiese model waarvoor hy gekies het.

In sy kommentaar op die boek Ester in 'Die Bybel met verklarende aantekeninge, deel 1 (1958), lees hy dié boek 'as deel van die Heilige Skrif en nie los van die heilsgeskiedenis [nie]' (Oberholzer 1958:992). Die Esterverhaal wys hoe die uitverkore volk kon 'voortbestaan om die draers van die openbaring van God te wees, en sodat voor alles die belofte aangaande die Messias, Christus ons Verlosser, vervul kon word' (Oberholzer 1958:1010).

Wanneer hy in 1959 oor die mens as 'beeld van God' in Genesis handel, sien hy die mens as voorwerp van God se selfopenbaring. Na gelang die mens in verhouding met God staan al dan nie, word hy sy plek in 'die heilsplan' (Oberholzer 1959a) toegewys. Hierdie plan kulmineer in Christus in wie die skeppingsbedoeling van God met die mens gerealiseer word. Ook hier gaan dit om die Godsverhouding met

relativering van vroeëre fases van hierdie geskiedenis tot 'n latere kulminerende fase.

Ook Genesis 1-11 staan in noue samehang met die Skrif. Dit is "n hoogs belangrike inleiding tot die Heilige Skrif' (Oberholzer sj:32), want daarin word "n perspektief aangedui wat verder in die Ou Testament nooit losgelaat word nie, en wat in die Nuwe Verbond tot volle vervulling gebring word' (Oberholzer sj:32). Hier 'word dan tegelyk die grondliggende verhouding tussen God en mens aangedui as 'n verhouding wat roep om die versoening in Christus' (Oberholzer sj:32).

In sy voordrag van 1963 oor die Christusverkondiging van die Ou Testament, wat reeds hierbo genoem en bespreek is, vind hy die koherensie van Ou en Nuwe Testament in hulle behandeling van die voortgaande verhouding van God met mense. Daardie geskiedenis kulmineer in die Christusgebeure sodat 'Christus middelpunt van die *hele* Skrif is....' (Oberholzer 1963:7). Hy dring daarop aan dat Christus verkondig moet word, maar kies nie vir enige dominante skema waarvolgens die samehang tussen Ou en Nuwe Testament verklaar moet word nie. Dit kan 'n belofte-vervullingskema wees, of een van geestelike ontwikkeling, of Calvyn se twee bedelinge, of Luther se Wet-Evangelie.

Sy bydrae in 1970 tot die Interkerklike Handboekkommissie se reeks oor Openbaringsgeskiedenis vir Standerd 6 behandel die geskiedenis vanaf Josef tot Moses. Die Bybelse materiaal word op bevatlike wyse vir die teikengehoor gestruktureer volgens die opeenvolgende gebeure van die Bybelse geskiedenis. In die samevatting van elke les word naas teologiese/etiese riglyne, met 'n belofte-vervullingskema gewerk en elke episode van die geskiedenis word as 'n nukleêre voorafskaduwing van die Christusgebeure beskryf. Die tema word soos 'n refrein herhaal: '...'n heenwysing na die versoenings- en verlossingswerk van die opgestane Christus' (Oberholzer 1973:74); '[d]ie versoenings- en verlosssingswerk van Christus word op dié wyse reeds hier aangekondig' (Oberholzer 1973:81); '...alles wys heen op die verlossingswerk van Christus deur sy lyding, dood en opstanding' (Oberholzer 1973:86); '...en ook die middelaarskap van Christus word deur die verhale in die woestyntog vooruit verkondig' (Oberholzer 1973:91); '[d]ie wetgewing en die gebeurtenisse by Sinai is dus 'n verkondiging van die versoening en verlossing wat in Christus sou kom' (Oberholzer 1973:100).

In die Kategete Diploma-Kursus van die Raad vir Kategese (1971) hanteer hy die kwessie van die verstaan en omgang met die Ou Testament. Die Ou Testament is vir hom die 'Heilige Skrif wat die getuienis van die verwagting van Jesus Christus aan ons oorlewer' en 'in sy eenheid met die Nuwe Testament' (Oberholzer 1971c:2) bepaal dit ons geloof en lewe. Dit getuig van 'n verwagting, omdat dit getuig van "n geskiedenis wat deur die hele Ou Testament heen onvoltooid bly' (Oberholzer

1971c:1). As geskiedenis van verwagting op-Christus-heen is die Ou Testament getuienis in negatiewe sowel as positiewe sin. Dit is negatief in die getuienis van die sonde en die volle oordeel daaroor wat nog nie voltrek is nie, van die wet waaraan nooit voldoen word in volle gehoorsaamheid nie, van die vergeefse pogings tot herstel van die verhouding tussen God en mens, soos dit veral in die kultus na vore kom. Positief getuig hierdie geskiedenis van die genadige èn toornige nabyheid van God wat getrou bly aan Homself, sy geskiedenis met die mens ten spyte van alles nie laat doodloop nie en deur sy knegte, die profete, priesters en regeerders, sy trou en liefde laat bekend maak aan die wêreld. Hierdie heilshistoriese getuienis van verwagting moet egter binne die tydhistoriese gelees word. Die eiesoortige uitdrukkingsvorm van elke literatuurvorm wat gebruik is moet in ag geneem word. Uitsprake en gebeure moet ooreenkomstig die bepaalde tyd en omstandighede waarin dit uitgespreek is of plaasgevind het, bepaal word. Die betekenis van hierdie uitsprake vir geloof en lewe moet egter 'aan die hand van die eenheid van die Skrif en die karakter van die Ou Testament as boek van verwagting' (Oberholzer 1971c:1) bepaal word. Geen enkelmoment uit die Ou Testament kan reglynig toegepas word nie, maar 'elke moment moet aan die versoenings- en verlossingswerk van Jesus Christus getoets word alvorens dit tot rigsnoer vir ons geloof en lewe word' (Oberholzer 1971c:1).

In sy intreepreek ter aanvaarding van die amp van hoogleraar in die Ou-Testamentiese Wetenskap aan die Universiteit van Pretoria op 17 Maart 1971 hanteer Oberholzer die boek Prediker. Die saak wat hy aan die orde stel in die boek is dié van die 'mens wat die persooonlike verhouding tot God nie ken nie....' (Oberholzer 1971b:5). Die boek self gee nie die oplossing vir die probleem van die God-vervreemde menselewe nie. Die boek spreek egter wel 'n waarheid uit wat van God kom: 'Van die mens af is daar geen weg na God toe nie, daar is net 'n weg van God na die mens' (Oberholzer 1971b:6). In Prediker word dié uitsigloosheid van die gevalle mens 'vantevore betuig' (Oberholzer 1971b:6), wat later in die Mens van die kruis bevestig sal word en in Jesus Christus versoening sou vind om 'aan die toekomslose 'n toekoms' (Oberholzer 1971b:6) te bied. Hierdie heilshistoriese verbinding van Ou en Nuwe Testament loop dan uit op die derde deel van die kerlike leer oor die dankbaarheid. In Christus is die arbeid nie tevergeefs nie, maar is die mens wat in die 'volheid van die tyd' (Oberholzer 1971b:7) wat God geskenk het, sy taak kan verrig, salig. God-geïnisieerde openbaring, die heilshistoriese verloop van die Godsverhouding en die Wet-Evangelieverhouding van die Testamente funksioneer in hierdie voordrag.

In sy behandeling van die verband tussen eksegese en prediking in 1974 het hy in terme van die dialektiese teologie eksegese omskryf as 'teologiese eksegese'

waarin 'n teks uit die Ou Testament binne sy 'volle konteks' hanteer moet word. 'n Teks het nie net 'n voorgeskiedenis van ouer tradisies nie, maar het ook 'n nageskiedenis van oorlewering en latere aanwending. Nie net binne die Ou Testament nie, maar ook in die Nuwe Testament lê die nageskiedenis van 'n teks. Dit bring noodwendig die vraagstuk na vore van die verhouding tussen Ou en Nuwe Testament. In aansluiting by sy uitsprake van 1963 hierbo, spreek hy hom nie uit vir een dominante model om die koherensie tussen die Testamente te beskryf nie. Hy verklaar: 'Die historiese en organiese samehang van die twee testamente is so veelsydig dat elke poging om dit tuis te bring onder 'n oorkoepelende skema iets afdoen aan die openheid vir die openbaring van die Woord van God' (Oberholzer 1974b:134). Die verband tussen die voorgeskiedenis, gebruik en nageskiedenis van 'n teks binne die volle konteks van Ou en Nuwe Testament moet eerder vanuit die teologiese hoek van Barth se Skrifbeskouing gesien word: Ou en Nuwe Testament is profeties-apostoliese geskrifte wat getuienis van die Woord van God is. In daardie sin skakel die tekste teologies met mekaar as getuienis van die voortgaande openbaring. Daarmee stel Oberholzer 'n verband tussen die tekste langs 'n historiese lyn, maar laat hom nie in hierdie geval uit daaroor of daar in terme van 'n bepaalde openbaringsprogressie met hierdie getuienisse gewerk moet word en of daar 'n Christosentriese relativering van die getuienisse gebruik moet word nie.

In 'n voordrag voor die predikantevergadering op 15 September 1976 dui Oberholzer die kontemporêre tendense in die vakdissipline van die Ou-Testamentiese teologie aan. Hy verwelkom die benaderingswyse van Childs as "n antwoord...op 'n groot deel van die probleem van die Bybelse Teologie en die Eksegese as teologiese dissipline binne die Christelike kerk' (Oberholzer 1976b:155). Childs se benadering lyk so vanselfsprekend 'dat 'n mens moeilik kan begryp dat daar verskil oor kan bestaan' (Oberholzer 1976b:151). Wat Childs voorstaan, is wel kritiese eksegese, maar eksegese wat dan nog verder gaan en vra na die teologiese betekenis van die teks binne die konteks van die kanon as geheel. Kritiese ekesegese kan nie net by die wording van die kanon stilstaan nie, maar moet ook vra na die implikasie daarvan dat tekste saamgegroei het en uiteindelik saamverkeer binne een kanonkonteks. Saam met Bright moet aanvaar word dat daar 'n 'oorkoepelende teologiese struktuur [is] wat elkeen van sy tekste onderskraag en wat in die Nuwe Testament opgevang en aangekondig word as vervul in Jesus Christus' (Oberholzer 1976b:155).

Saam met Kraus praat hy van 'konteks-ope interpretasie met die oog op bybelsteologiese samehange' (Oberholzer 1976b:158). Die taak van Ou-Testamentiese teologie is daarom om deur eksegese wat binne die geheelkonteks van die kanon bedryf word die gegewe samehang of teologiese struktuur te vind. Oberholzer se eie mening is dat daardie struktuur met 'n 'lewende verhouding' (Oberholzer 1976b:

160) te doen het. Vir die kerk is die sentrum van die kanon die gegewene van die verhouding tussen God en mens – dit is 'n verhouding 'deur Christus heen' (Oberholzer 1976b:160). Dit impliseer nie dat die Ou Testament Christologies gelees moet word nie. Binne die konteks van die kanon word die handeling van God met die mens egter gestel as 'n verhouding wat sy finaliteit in die gekruisigde en opgestane Christus vind. Wesenlik bly Oberholzer dus by die verhouding tussen God en mens staan wat in sy historiese gang sy hoogtepunt in die Christusgebeure gevind het. Binne hierdie omraming word ruimte gelaat vir meer as een wyse om die samehang wat daar bestaan te vind.

In sy nadenke oor die hermeneutiek en die burgerlike godsdiens in 1982, begin die werk van J A Sanders 'n rol speel in Oberholzer se beredenering van die koherensie van die Skrif. Uitgaande van die hermeneutiese vraag van Sanders, 'Wie is ons en wat moet ons doen?', dui hy aan dat die gebruik van die Skrif as kanon om op hierdie vraag te antwoord impliseer dat die Skrif vanuit 'n geheelperspektief gebruik moet word. Hoewel die Bybel tot stand gekom het vanuit 'n geweldige verskeidenheid van historiese situasies en 'n wye verskeidenheid lewensituasies daarin gereflekteer word, funksioneer die verskeidenheid van gegewens nie los van mekaar nie, maar vanuit 'n geheelperspektief. Die geheelperspektief is dié van die verhouding tussen God en mens, die tot stand bring van 'n geloofsgemeenskap. Daardie verhouding is in die kerk nog altyd bepaal volgens Christus in wie dit tot sy volste verwesenliking gekom het. Die funksie van die kanon is om elke geloofsgemeenskap, in watter vorm dit ook al voorkom, voor die toetsvraag te stel of hy kan identifiseer met hierdie verhouding met God soos dit in Christus Jesus tot uiting gekom het. Hierdeur akkommodeer Oberholzer dus die geweldige verskeidenheid van gegewens in die Ou en Nuwe Testament binne sy basiese siening van 'n verhouding met God toegespits in Christus, sonder om deur enige skema die verskeidenheid te vereenvoudig tot 'n enkelvoudige koherensie.

Werk wat in die vroeër tagtigerjare gedoen is, maar eers in 1989 verskyn het, is Oberholzer se verklaring van die boek Maleagi. As laaste van die twaalf kleinprofeteboeke, leen dié boek hom tot vrae oor die verbinding tussen Ou en Nuwe Testament. Oberholzer volg die weg van gedagtes uit die boek aan te toon wat in die tyd van Jesus nog bestaan het. So byvoorbeeld, het die 'belofte' oor die koms van Elia in Maleagi 4:5-6 ''n element in die toekomsverwagting geword wat in die tyd van Jesus nog sterk geleef het' (Oberholzer 1989b:1052). Hy tipeer die afsluiting van die boek, wat tegelyk in die wyse waarop die Bybelboeke gerangskik is in die Bybel wat hier verklaar is, die afsluiting is van die Ou Testament, as 'n 'vermaning en belofte' (Oberholzer 1989b:1057). Hoewel versigtig bewoord, skemer dieselfde siening as wat elders voorkom, ook hier deur.

In sy beskrywing van die teologie van Psalm 106 (Oberholzer 1988b), wat ons hierbo bespreek het, word hierdie gedagtegang voortgesit. Die Psalm is vir Oberholzer 'n verteenwoordigende samevatting van die teologie van die Ou Testament en vind weerklank in die teologiese struktuur van die Nuwe Testament. Die Psalm staan daarom in die 'hoofstroom van die Christelike teologie...' (Oberholzer 1988b: 387). Die gedagte van 'n voortgaande openbaring (vgl sy 'hoofstroom') wat kenmerke dra van straf en genade en kulmineer in die versoenende sterwe en opstanding van Christus, staan dus nog steeds sentraal. Die gedagte van die gebruik van die Bybel as kanon om eie identiteit en lewenskoers te bepaal, kom ook voor, met die opvatting wat vantevore uitgespreek is dat die kanon volgens sy koherensie in die Christusgebeure gebruik moet word. Dit blyk daaruit dat enige teologie wat Bybelgedeeltes wil verabsoluteer, soos byvoorbeeld die Dawid-Sions-ideologie of die Eksodus-ideologie, nie met die koherensie van die Skrif rekening hou nie en dus aan die korrektief onderhewig is van 'n gedeelte soos die teologie in Psalm 106, waarin die koherensie wel aangedui is. Hierdie siening word herhaal in 1989 in die gedagte dat die teoloog se wetenskaplikheid bepaal word deur die mate waarin hy die Bybelse gegewens 'as data van die selfbekendmaking van God' hanteer (Oberholzer 1989c:439). In 1990 praat hy van 'die Ou Testament as getuienis op Christus heen...' (Oberholzer 1990:653) wat in die prediking die gelowiges moet voer tot ontmoeting met God, dit wil sê tot voortgaande openbaring en kontinuering van die verhouding tussen God en mens in Christus.

## 4. BYDRAES TOT DIE ANDER TERREINE VAN DIE TEOLOGIE

Ook op verskillende ander teologiese terreine het Oberholzer navorsing gedoen en werk gepubliseer. Eers kan verwys word na die bydraes waarin hy sy Ou-Testamentiese vakkundigheid gebruik en dit siklies uitbrei na ander dele van die teologiese ensiklopedie. In sy 1982-artikel oor die burgerlike godsdiens, waarna hierbo baie kursories verwys is, gaan hy uit van die funksionering van die Bybelse kanon in die Christelike gemeenskap. Die kanonwording van die Bybel het telkens vanuit veranderde situasies plaasgevind sodat talle verskillende situasies en instellings tans daarin gereflekteer word. Wanneer die kerk egter hermeneuties te werk gaan en aan die hand van die kanon vra, 'Wie is ons en wat moet ons doen?', identifiseer hy homself nie net met een of enkele van hierdie situasies of instellings in die Bybel nie, maar met die geheelperspektief van alles in die kanon. Hierdie geheelperspektief is in die belydenis van die kerk 'konsekwent gevind in die persoon en werk van Christus' (Oberholzer 1982a:103). Die identiteit en norm vir die geloofsgemeenskap vir wie die Skrif kanon is, is grondliggend in die persoon en werk van Christus te vind. Die

mens wat na rigting vra by die Skrif 'verskyn in die gestalte van die individu met die moontlikheid om 'n beslissing vir of teen die regte verhouding met God te maak, in die gestalte van 'n volksgemeenskap of 'n kultusgemeenskap of 'n geloofsgemeenskap met 'n kollektiewe verantwoordelikheid en skuld, of in die gestalte van die mensdom as geheel' (Oberholzer 1982a:104). In watter gestalte ook al die mens na die Skrif kom, dit bly 'n wesenlike vraag na die verhouding met God in en deur die werk van Christus. Identifikasie vind nie plaas met 'n enkele of geïsoleerde situasie of instelling in die Bybel nie, maar met die ganse menslike geslag wat in skuld en verlossing voor God staan (vgl die formulering van die teologie van Ps 106 hierbo). Die probleem van die burgerlike godsdiens is dat dit nie met die volle omvang van hierdie Godsverhouding identifiseer nie, maar op selektiewe en selfgenoegsame wyse slegs met sommige elemente daaruit. In die geskiedenis van die Afrikaner was hy nie vry van hierdie eensydige kanongebruik nie.

Nog 'n voorbeeld van waar vakkundige kennis gebruik word om uit te kring na 'n terrein buite die Ou Testament, is in 1983 waar Oberholzer die openbaringsbegrip in terme van die kommunikasieteorie sien. Hy sien die kerk as 'die organisatoriese gestaltegewing van die kommunikasieproses' (Oberholzer 1983b:127): Die kerk is "n lewensgemeenskap tussen die Drieënige God en mense, en tussen mense onderling...' (Oberholzer 1983b:125). Die bron waaruit hierdie lewensgemeenskap ontspring en sy kommunikasie gevoed word, is die openbaring van God. Terwyl daar nie meer toegang is tot die eerste kodifisering van wat God bekend wou maak (= openbaar het) nie, is daar wel die kodifisering van daardie openbaring van diegene wat die openbaring ontvang. Dit is aan die mens gegee in die vorm van die gesproke en geskrewe woord in die Bybel. In sy ampswerk dekodifiseer die kerk nou die Bybel deur middel van die wetenskaplike uitleg daarvan. Aan die hand van die teologie wat hy uit hierdie eksegese opbou, kodifiseer die kerk die openbaring binne sy prediking, kategese, pastoraat en diakonaat. Een vorm van sy interpretasie of dekodifikasie is die vertaling van die Bybel. Die lidmate lees hierdie Bybel en, onder invloed van die kerklike uitleg van die Bybel en selfs ander nie-kerklike faktore, kom hulle tot 'n bepaalde lewenshouding en lewensbeslissings wat hulle binne en buite die kerk verder kommunikeer. So is kerklike kommunikasie in sy omvangrykheid 'n respons op die openbaringskommunikasie van God aan die mens.

Die tweede kategorie van navorsing op ander teologiese gebiede toon geen direkte aanwending van Oberholzer se spesialiteitsgebied nie. Dit is veral op die gebied van die geskiedskrywing waarop hy 'n hele aantal publikasies die lig laat sien het. Wat wel opgemerk kan word, is dat sy noukeurige lees van oorspronklike tekste tot in die fynste detail en sorgvuldige vergelyking tussen tekste, waarna alreeds hierbo by die tekskritiek en navorsing van die teks van die Heidelbergse

Kategismus verwys is, ook hier baie duidelik na vore kom. Een gebied waarop hy geskiedskrywing beoefen het, is dié van die teologiese fakulteit en van die werk van kollegas. In sy oorsig oor die eerste vyftig jaar van die teologiese fakulteit kom sy sorgvuldige nagaan van bronne duidelik uit in die veelvuldige aanhalings uit verskillende historiese dokumente (vgl Oberholzer 1967a). In sy verdere oorsigte oor die geskiedenis van die Fakulteit lê hy besonder klem op die dienende funksie wat die Fakulteit vir die kerk het – soveel so dat hy vra: 'Hoe gaan die Fakulteit sy dienende funksie bly nakom sodat die Kerk deur hierdie krisis heen kerk sal bly?' (Oberholzer 1981:48). Hierdie gedagte word by hom bykans 'n slagspreuk: 'Teologie in die Kerk vir die kerk...' (Oberholzer 1989c:47). Ook in sy terugblik op 65 jaar van bestaan van die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria noem hy dat 'die klem val op nog beter toerusting en nog dieper toewyding aan die taak en roeping van die Teologie in die Kerk' (Oberholzer 1982b:16). In sy huldigingsblyke van kollegas is dit veral hulle deeglikheid en kundigheid wat sy waardering ontlok. Sommige het hom in sy vakbeoefening beïnvloed, ander in sy kerklike dienswerk. Onder hulle tel mense soos H C M Fourie, S P Engelbrecht, B Gemser, A van Selms (aan wie 'n hele aantal artikels opgedra is), C H Rautenbach, C J Mans en B J Engelbrecht.

'n Ander gebied van geskiedskrywing waarop hy gewerk het, is dié van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Ook hier kom sy geskooldheid in noukeurige bronnehantering sterk na vore. Onderwerpe wat hy aangeraak het, is 'Die Franse Hugenote', 'Die Diasvaart', 'Die Hugenote en die Trek', 'Verkenners van die Voortrek', 'Die aanloop tot die gelofte en die slag van Bloedrivier', 'Die Gelofte van 1838 en die Voortrekkerideaal – Natal of Transvaal?'

## 5. BYBELVERTALING

In sy behandeling van die kerk as kommunikasiegemeenskap (vgl Oberholzer 1983b) het Oberholzer na Bybelvertaling verwys as een vorm van dekodifikasie of interpretasie wat uit die wetenskaplike eksegese voortvloei ten dienste van die lidmate van die kerk. As daar een terrein is waarop Oberholzer se strewe om sy teologie te beoefen ten dienste van die kerk tot die allerkonkreetste uitvoering kon kom, is dit sy deelname aan die nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans wat in 1983 verskyn het. Nie net het baie van sy vroeëre werk, soos hierbo reeds aangetoon is, met Bybelvertaling geskakel nie, maar was hy so hart en s'el by die vertalingprojek self ingeskakel dat hy kon sê: 'Die vertaling het deel van jou lewenswyse geword...' (Oberholzer 1983a:3). Wat meneer Marais Viljoen, gewese staatspresident, by geleentheid van die ingebruikneming van die nuwe vertaling op 2 Desember 1983 van

die Bybelvertaling gesê het, is volledig toepasbaar op Oberholzer: Hy het gesê Bybelvertaling is iets 'wat 'n vertaler kwalik sal aandurf, tensy daar in hom iets dwingends werksaam is – 'n behoefte, 'n begeerte, 'n besieling wat 'n mens byna kan sê aan geroepenheid grens' (Redaksioneel 1984:2). Van belang vir hierdie oorsig egter is hoe hy vanuit die Ou-Testamentiese Wetenskap die vertaalwerk benader het.

In 'n ongepubliseerde voordrag van 1975 oor 'Eksegese en Vertaling' beklemtoon Oberholzer dat in die konsep-Bybelvertaling waaraan gewerk word daar uitgegaan word van die standpunt 'dat die betekenis voorrang het bo die vorm' (Oberholzer 1975:1). In vroeëre vertalings is in die struktuur van die Bybeltale iets besonder heiligs gesien en is die gedagte gevolg dat vertaling woord-vir-woord-, vorm-vir-vorm-oorsetting moet wees. Wanneer elke woordvorm, spreekwoord en beeld wat in die Bybel voorkom, gesien word as iets wat een of ander heilige betekenis het, 'moet die vertalingsresultaat ongetwyfeld 'n karikatuur wees van die bedoeling wat die skrywer met sy woorde gehad het' (Oberholzer 1975:3). Die kerklike konteks waarin die Bybel gebruik word, stel egter die vereiste vir verstaanbaarheid en dus vertaling van betekenis: 'Die gebruik van die Bybel as die norm vir geloof en lewe stel aan die vertaler die eis om alles in sy vermoë te doen om die leser te laat verstaan wat die skrywer bedoel het' (Oberholzer 1975:3). Om te verstaan wat die skrywer bedoel het, vereis 'n lang voorafgaande proses van interpretasie: 'Vertaling is die resultaat van eksegese, en nie andersom nie' (Oberholzer 1975:3). Eksegese gaan 'om die onmiddellike konteks en om die vasstelling van die grammaties-historiese [sic!] betekenis van die teks' (Oberholzer 1975:3). Dit gaan om die vraag van wat die skrywer sê binne die situasie waarin hy praat. Soos by alle eksegese moet hiervoor rekening gehou word met alle metodes. Die metode van 'grammatiese en semantiese analise, gevolg deur die oorsetting en herstrukturering van die stof' (Oberholzer 1975:4), is maar een van die metodes wat gevolg moet word. Daarby kom die vertaler dan by 'die vormgewing in die taal waarin vertaal word' (Oberholzer 1975:4-5).

Die keuse vir vertaling van betekenis het sy eerste aanloop gehad in 'n vertaalseminaar in Julie 1968. Na aanleiding van wat daar bespreek is, het die Bybelgenootskap 'n 'dinamiese vertaling in hedendaagse Afrikaans' vereis (Oberholzer 1984a:84). Daarom moet verstaan word 'dat dit inderdaad 'n nuwe vertaling is wat die insigte van die vertalers in hierdie tyd en omstandighede weerspieël' (Oberholzer 1984a:90).

Aan die hand van die opmerking dat 'n vertaling die insigte van 'n bepaalde tyd reflekteer, evalueer hy die 1933-vertaling as 'n vertaling waarop 'tyd en omstandigheid en vertaalmetodiek tesame met skrifbeskouing invloed gehad het' (Oberholzer 1984e:8). Die 1933-vertaling is met 'n 'woordekwivalente vertaalmetode' vertaal

wat bepaalde kenmerke dra, soos meersinnigheid, hebraïsmes, konkordante vertaling en 'n konsekwente keuse vir hoë woorde.

Die dinamiese vertaalmetode is egter nie iets totaal nuut nie. Deur noukeurige lees en vergelyking van die tekste van die eerste pogings tot vertaling van die Bybel in Afrikaans, kom hy tot die oortuiging dat S J du Toit 'neigings tot dinamiese weergawe toon wat eers nou weer in vertaaltegniek te voorskyn kom, en dat sy ernstige pogings om by die "volkstaal" uit te kom, dikwels 'n onmiddellikheid gebring het wat betekenis onontwykbaar op die voorgrond gestoot het' (Oberholzer 1984b:25).

## 6. SLOTWOORD

Dit is nie sonder betekenis dat Oberholzer sy doktorale proefskrif oor die kneg van die Here laat handel het nie. Sy vakbeoefening en teologiese arbeid getuig van dienslewering aan akademiese en kerkgemeenskap. Groenewald het tereg opgemerk dat Oberholzer hom 'meermale laat dink aan die woorde van die Here Jesus: "Die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees, en die een wat 'n leier is, soos die een wat dien" [Luk. 22:26]' (Groenewald 1984:6).

## Literatuurverwysings

*Die Hervormer* 1984. Redaksioneel: Lank uitgesien na die dag. Februarie 1984, bl 2.

Groenewald, E P 1984. Prof J P Oberholzer. *Die Hervormer*, Februarie 1984, bl 6.

Oberholzer, J P sj. Die boodskap van die boek Genesis, in Van Zyl, F J (red), *Ken jy die Bybel? Sy boodskap*, 31-40. Kaapstad: HAUM.

--- 1957. Die Semitiese Stam BRK. MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

--- 1958. Ester, in *Die Bybel met verklarende aantekeninge*, Deel I, 992-1010. Kaapstad: Verenigde Protestantse Uitgewers.

--- 1959a. Die skepping van die mens as beeld van God in die Ou Testament, filologies beskou. *HTS* 14/2 & 3, 97-101.

--- 1959b. Geografiese terme in die Rigtersboek en hulle vertaling. *OTWSA* 2, 35-40.

--- 1960. The 'ibrim in 1 Samuel. *OTWSA* 3, 54.

--- 1961. Die Ou-Testamentiese getuienis aangaande die nederdaling van Christus na die hel. *HTS* 17, 84-91.

--- 1963. Christusverkondiging en die Ou Testament: 'n Hermeneutiese verkenning. *HTS* 19, 1-7.

--- 1964. Die Kneg van Jahwe in Deutero-Jesaja. *HTS* 22/4, 11-37.

Oberholzer, J P 1966. Die Kneg van die Here in die Ou Testament. Doktorale Proefskrif, Universiteit van Pretoria.

--- 1967a. Na vyftig jaar, 1. 1917-1930, in *Gedenkalbum Teologiese Fakulteit 1917-1967*, 15-23. Pretoria: NHKA.

--- 1967b. The claim to authority, a style form. *OTWSA* 10, 75-83.

--- 1970. Dábár in die Wysheidsboeke. *HTS* 26, 1-7.

--- 1971a. Die aardrykskunde van Palestina, in Kategete Diplomakursus, Raad vir Kategese, 130-132. Pretoria: NHKA.

--- 1971b. Die boek Prediker: 'n Smartkreet om die gevalle mens. *HTS* 27, 1-7.

--- 1971c. Die verstaan van en omgang met die Ou Testament, in Kategete Diplomakursus, Raad vir Kategese, 1-3. Pretoria: NHKA.

--- 1971d. Die eksegese van die Psalms. Ongepubliseerde klasaantekeninge, Universiteit van Pretoria.

--- 1971e. Die Kanongeskiedenis. Ongepubliseerde klasaantekeninge, Universiteit van Pretoria.

--- 1971f. What is man...?, in Eybers, I H e a (reds), *De Fructu Oris Sui: Essays in honour of Adrianus van Selms*, 145-151. Leiden: Brill.

--- 1972. Miga 1,10-16 en die Septuaginta. *HTS* 28, 74-85.

--- 1973. Josef – Tog deur die woestyn II (Lesse 15-20), in Du Plessis, S J, Van Niekerk, J G & Oberholzer, J P (reds), *Openbaringsgeskiedenis Ou Testament*, Deel I, Standerd 6, 69-107. 2e druk. Pretoria: Interkerklike Uitgewerstrust.

--- 1974a. Die epifanie in die Ou Testament en sy konsekwensies vir die teologie. *HTS* 30, 62-71.

--- 1974b. Eksegese en prediking. *HTS* 30/3 & 4, 129-137.

--- 1975. Eksegese en Vertaling. Ongepubliseerde voordrag, Pretoria.

--- [1965] 1976a. Bybelse oudheidkunde, in Fensham, F C & Oberholzer, J P (reds), *Bybelse aardrykskunde, oudheidkunde en opgrawings*, 119-308. Pretoria: Interkerklike Uitgewerstrust.

--- 1976b. Die soeke na 'n Bybelse teologie. *HTS* 32/3 & 4, 151-160.

--- 1978a. Die God van die hemel. *HTS* 34/3, 36-41.

--- 1978b. Die opskrifte van die Profeteboeke 1. *HTS* 34/4, 70-80.

--- 1981. Vyftig jaar kerk, teologie en universiteit. *HTS* 37/3, 43-48.

--- 1982a. Die hermeneutiek en die burgerlike godsdiens, in *Die kerk in die wêreld: 'n Bundel opstelle aangebied aan prof dr A D Pont by sy vyf en twintigjarige ampsjubeleum*, 102-108. Pretoria: HAUM.

--- 1982b. UP se teologiese fakulteit: 1917-1982. *Die Hervormer*, September 1982, bl 16.

--- 1983a. Bybelvertaling in herinnering. *Die Hervormer*, Desember 1983, bl 3.

Oberholzer, J P 1983b. Kommunikasie in die kerk. NHSV Jaarboek 1981-1983, 125-128.

--- 1984a. Die Afrikaanse Bybelvertaling 1983 – enkele aantekeninge. *HTS* 40/1, 82-91.

--- 1984b. Die Bybel in Afrikaans. *Almanak*, 24-32.

--- 1984c. Eiename in die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling. *Deo Gloria*, 25-26.

--- 1984d. The text of Ex 20, 22, 23. *Journal of North-west Semitic Languages* 12, 101-105.

--- 1984e. Tyd en omstandigheid, metode en Skrifbeskouing in 'n blik op die 1933-vertaling. *Skrif en Kerk* 5/1, 8-11.

--- 1985. Die opskrifte van die Profeteboeke II. *HTS* 41, 252-259.

--- 1986a. Die universiteit en die goeie lewensorde. *HTS* 42, 110-115.

--- 1986b. 'n Eeu en sy statistieke. *Almanak*, 29-31.

--- 1988a. Die weergawe van die Godsnaam met 'Here' in die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling, in *In mensetaal oor God se Woord*, 97-104. Kaapstad: Lux Verbi.

--- 1988b. Opmerkings oor die teologie van Psalm 106. *HTS* 44, 380-387.

--- 1989a. Esegiël, in Van Zyl, A H (red), *Verklarende Bybel*, 894-949. Kaapstad: Lux Verbi.

--- 1989b. Maleagi, in Van Zyl, A H (red), *Verklarende Bybel*, 1052-1057. Kaapstad: Lux Verbi.

--- 1989c. Teologie as wetenskap: Aantekeninge van buite die sistematiese teologie. *HTS* 45, 438-441.

--- 1990. Ou-Testamentiese perspektiewe op die definisie van die prediking. *HTS* 46, 647-655.